



Só betaal jy boedelbelasting

Niemand wil graag boedelbelasting betaal nie, maar dit is nie die alfa en omega van boedelbeplanning nie.

Boedelbelasting bly maar 'n probleem vir boere. Eerstens is boere se bates in geldwaarde gewoonlik ver bokant die opbrengsvermoë daarvan. Tweedens is 'n mens – almal van ons – maar krielwrig oor die gedagte dat jy jou lewe lank belasting betaal en dan as jy doodgaan, uit die bietjie wat jy bymekaar kon maak nadat Jan Taks jou reeds beet gehad het, nóg 'n keer belas word.

Kapitaalwinsbelasting is in 2001 ingestel en 'n mens sou redeneer dat dit 'n meer praktiese manier is om belasting te hef – as jy nou regtig mense wil belas omdat hulle hard werk en selfonderhoudend is pleks van op die staat se nek lê. Dit is tans 'n debatspunt of boedelbelasting, weens die toepassing van kapitaalwinsbelasting, werklik nog van betekenis is en of boedelbelasting nie maar afgeskaf kan word nie.

Maar soos die situasie tans is, is boedelbelasting én kapitaalwinsbelasting betaalbaar, hoewel die kapitaalwinsbelasting wat betaal word, darem afgetrek kan word voordat boedelbelasting bereken word.

Die ander probleem met boedelbelasting is dat dit na my mening gans te veel voorgehou word as die alfa en omega van boedelbeplanning. Dit help natuurlik die ouens wat links en regs loop en trusts skep of die ouens wat polisse smous – soms werk hulle hand aan hand. Ek hoor selfs van 'n makelaar wat saam met 'n prokureursvriend tussen boere op die platteland rondloop, hulle bangpraat oor boedelbelasting en dan sommer 'n trust “gratis” aanbied, maar op voorwaarde dat die boer 'n polis met 'n premie van R2 000 per maand koop.

Boedelbeplanning gaan oor veel meer as net boedelbelasting. Ek het al boedelplanne gesien waar die boer sowaar beter sou gedoen het vir vrou, kinders en kleinkinders as hy maar liever 'n klein bedraggie aan boedelbelasting wou afstaan. Of erger nog, waar hy polisse gekoop het en strukture geskep het in die waan dat hy gaan spaar op boedelbelasting, maar nooit ingelig is oor wat alles vir boedelbelasting in berekening gebring word nie.

Daarom wil ek vandag stilstaan by dié belasting. Hoe word dit bereken? Waarop betaal jy alles boedelbelasting? Dis nie omvattend nie, dis 'n kort oorsig. Ek lig ook 'n probleem of wat uit.

Boedelbelasting word gehef ingevolge die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) op die boedel van diegene wat by tye van hul dood inwoners van Suid-Afrika was (ook op sekere nie-inwoners, maar dit is nie nou ter sake nie). Jou boedel bestaan uit sowel eiendom (moet dit nie verwar met vaste eiendom, soos 'n plaas of 'n huis nie, eiendom in dié sin is enigiets wat jy besit, tasbaar of nie-tasbaar) en dan ook eiendom wat nie joune is nie, maar spesifiek deur die wet geag word jou eiendom te wees.

Voorbeelde van eiendom is jou plaas, woonhuis, beleggings, huishoudelike besittings, eintlik alles. Dit sluit ook in saaklike regte, soos 'n vruggebruik en enige reg op 'n annuïteit – 'n gereelde inkomste – wat ná jou dood oorgaan op 'n ander persoon.

Dit is 'n debatspunt of boedelbelasting, weens die toepassing van kapitaalwinsbelasting, nog van betekenis is . . .

Probleem: Die feit dat jou ouditeur vir inkomstebelasting die waarde van sekere bates jaarliks verminder, het niks met boedelbelasting te doen nie. Dit is twee belastings. Al is die bate vir inkomstebelasting afgeskryf, val hy in jou boedel teen sy markwaarde. Moet dit nie buite rekening laat nie.

Probleem: Die geld wat die familietrust, of maatskappy, jou skuld, is eiendom in jou boedel. Moenie dink dat as jou plaas “in die trust is”, is jy vry van boedelbelasting nie, dit is meer ingewikkeld as dit. Kyk ook hieronder.

Voorbeelde van geagte eiendom is die opbrengs van sekere binnelandse lewenspolisse (al betaal dit – op enkele uitsonderings na – aan iemand anders uit), skenkings wat eers by dood realiseer, 'n aanwas-eis ingevolge die

Huweliksgoederewet (Wet 88 van 1984) ten gunste van die boedel en baie, baie belangrik, eiendom waarvoor die oorledene beheer uitgeoefen het vóór sy dood.

Probleem: Die manne wie se familietrusts se aktes só geskryf is dat hulle beheer het oor die trustbates of oor die aanstelling van trustees, kan 'n groot boedelbelastingskok te wagte wees by hul dood. Dit is wat my betref een van die groot risiko's met trusts en ongelukkig een wat nie genoeg aandag kry nie.

Tel nou al hierdie eiendom teen markwaarde bymekaar, dan het jy die bruto waarde van jou boedel. Daarteen kan jy sekere aftrekkings doen, die mees bekende seker eksekuteursgeld, begrafnis- en siekbedkoste, meestersgeld, skuld aan krediteure, inkomstebelasting en bemakings aan 'n gade. Alles wat aan 'n gade bemaak word, is egter nie aftrekbaar, soos wat ons in die alledaagse praat nie. Enige betaling wat sy moet doen aan 'n ander – en hier kom veral boedelsamesmelting, wat so gewild is onder sommiges, ter sprake – word afgetrek van die bedrag wat jy as aftrekking wil eis.

Dit gee vir jou die netto boedel waarvan jy jou toegelate (tans) R3,5 miljoen kan aftrek. Op die oorblywende bedrag word boedelbelasting teen 20% gehef. Dit wat jy aan 'n gade bemaak en waarvoor jy nie die toegelate aftrekking kon eis nie, word oorgedra na die oorlewende gade, wat beteken dat as jy alles aan byvoorbeeld jou vrou bemaak, sal sy 'n aftrekking van R7 miljoen hê voor boedelbelasting gehef word.

Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkte verskaffer verbonden nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.

Navrae: Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos: nico@finlac.com.